# OOM SONNIE SE STUKKE



**HI, SONLANDERS!**
**Hierdie week het ons 'n nuwe verhaal, "Oorwinning oor Wraak". Geniet nou hoofstuk 3 van ESME CUPIDO se jongste storie.**



## Debbie is dalk nie ál een wat haar oral inwurm nie ...

DIE gras groei amper tot teen die sitkamervenster, sien Debbie toe sy by oom Haantjie, Craig se pa, 'n draai gaan maak. Sy klop aan die deur en hoor hoe die oom in die gang afgeslof kom.

"Hallo, 'm ..."

Dis asof sy ná vier jaar steeds 'n vreemdeling vir die oom is.

"Hallo oom Haantjie." Sy skuur verby die verdwaasde man en gaan sit op die bruin sitkamerbank.

Hy kom staan ongemaklik in die deur. "Hoe gaan dit met jou en ..." Hy sluk en kyk weg na die portret van Craig en sy ma op die groot TV-kas.

"Dit gaan moeilik, oom Haantjie."

"Ja, dis vir my ook moeilik. Ek sukkel maar ..."

Hy kyk na die gang. "'m, Hier is nog van sy goed. As jy iets wil hê ..."

"Het die speurders al vir oom laat weet hoe hulle met die saak vorder?"

"'m, Ja. Iemand ... 'n kaptein was gister hier. Hy sê die man gaan aangekla word.

### Nou bekende gesig

"Nalatige of roekelose bestuur. Hy moet in die hof verskyn. Ja, dis wat hy gesê het. Maar Hilton wat by die drankwinkel werk, sê Craig ... hy het oorfone ingehad. Hy't net oorgestap. Hy moes gekyk het ..."

"Daai skobbejak moes gekyk het waar hy ry. Ek hoop hulle gooi hom vir jare in die tronk. Maar voor dit gaan hy eers met my te doen kry."

"Ja, 'm ..."

'n Motor hou stil en 'n deur klap toe. Oomblikke later is daar 'n klop aan die deur.

"Dis seker nou die man ..." Die oom verdwyn weer in die gang.

Debbie staan op en hou die foto van Craig in haar hande. Nou is hy en sy ma bymekaar. Sy weet hoe hy na sy ma verlang het.

"'m, Dit is ... Hy kom sny die gras."

Sy draai om en kyk geskok na die nou bekende gesig. Henry Edwards.

"Ek wou sê dis jou kar wat hier buite staan. Ek het nie geweet jy verkoop hier ook die hekelwerk nie?" sêvra hy vriendelik.

Sy wil hom vra wat hy hier maak. Hy het geen reg om hier te wees nie. "Ek is oral," sê sy kortaf. "Meneer, ek bring môre u slaapsokkies," sê sy vir oom Haantjie. "Ons het rooies en groenes en geles. Sê maar wat u verkies."

Oom Haantjie staan met 'n mond vol valstande. Sy was al by die deur uit, toe hoor sy oom Haantjie sê: "Tot siens, 'm ..."

Sy het volle vertroue dat oom Haantjie nie die verbintenis tussen hulle sal verklap nie. Hy is op sy beste vergeetagtig. Toe sy na haar flat toe ry, raak sy bebloed om net te dink dat Edwards hom by oom Haantjie kom inwurm het. Natuurlik sy skuldgevoelens wat hom ry.

Sy sal vir die oom moet sê om Edwards die huis te belet. Laat hy sy eie gras gaan sny.

> "Ek het nie geweet jy verkoop hier ook hekelwerk nie?"

Toe sy later gaan inkruip, kan sy nie slaap nie. Sy dink aan die Vrydag voor Craig se dood. Dit was hulle anniversary en sy het by die winkel gestop om takeaways te koop. Sy was nie lus vir kosmaak nie. Toe sy by die huis kom, het Craig die pakkies uit haar hande geneem en haar aangesê om haar oë toe te maak. Hy het haar na die kamer gelei en toe gesê sy kan haar oë oopmaak.

Teen die kas het die pragtigste swart rok gehang en op die bed, mooi uitgepak, al die accessories wat daarmee saamgaan. Asook 'n handsak, oorbelle en skoene.

Sy moes vinnig stort en toe het hulle uitgegaan na 'n restaurant in die stad. Dis hoe Craig was. Vrygewig en liefdevol. Altyd vol verrassings.

DIE Maandag ry sy polisiestasie toe. Maar voordat sy ry, bel sy eers oom Haantjie om hom teen Edwards te waarsku.

"As hy weer by Oom se huis aankom, jaag hom weg. Hy't niks verloor daar nie. Hy is die een wat die oorsaak daarvan is dat Craig in sy graf lê," sê sy skerp.

"'m, Maar as Craig links en r—"

"Is dít wat hy in Oom se kop ingeprent het? Dat dit Craig se skuld is? Die lae luis! Craig is ... was Oom se kind. Daai man is 'n slang. Hy hoort in die tronk," sê sy woedend.

"Henry het die gras gesny en die geute wat so verstop is, skoongemaak. Hy't ook —"

Henry. Die oom kan skaars háár naam onthou.

By die polisiestasie dring sy daarop aan om met kaptein Keegan Wessels te praat.

"Kyk, dame, soos ek vir Mr Solomons gesê het, as bewys kan word dat die man roekeloos of nalatig bestuur en byvoorbeeld die spoedbeperking oorskry het, sal hy vir strafbare manslag aangekla word. Maar volgens die man se verklaring het Mr Craig Solomons oor die pad gehardloop in die gesig van aankomende verkeer, met oorfone op, nou as dít in die hof bewys word, kan hy vrygespreek word."

"Maar dit kan nie. Hy is 'n moordenaar, Kaptein."

"As hy in die hof skuldig bevind word. Tot dan ..."

Van die polisiestasie af ry sy na Hoogwater, waar die rykes woon. Kalbasstraat 15. Henry Edwards se huis. Die huis is half weggesteek agter talle bome en struike. Wat sy kan sien, spreek duidelik van geld.

Op die ingewing stop sy voor die hek. Sy druk die klokkie en wag. 'n Stem wil weet wie sy is en sy antwoord dat sy 'n afspraak met meneer Edwards het. Die hek gly geruisloos oop. Sy ry met die sementoprit op en gaap die huis oopmond aan. Soveel weelde.

Toe Debbie met die breë trappe opklim, gaan die deur oop en 'n jong vrou in 'n spierwit voorskoot kom uitgestap.

### Die skaam kind

"Is Mevrou die mevrou van die hekel? My ma het van Mevrou vertel. Ek het dadelik Mevrou se naam herken. Maar meneer Edwards is nog nie by die huis nie. Hy kom altyd sesuur se kant. Mevrou kan wag," sê sy onseker.

"Hy is nie een vir beertjies en skapies nie."

In die deur verskyn die meisietjie. Sy het die opgestopte skapie in haar hand. "Het jy nog speelgoed gebring?" wil sy weet.

"Ek het vir jou 'n pragtige unicorn gebring. Wil jy dit sien?" vra Debbie. Teen haar sin voel sy 'n toegeneentheid teenoor die skaam kind.

Die kind staan nader en sit haar hand in Debbie se hand. "Ek hou van unicorns. Is dit 'n pienke?"

"Kom ons gaan kyk in die kar. Daar is verskillende kleure, dan kies jy vir jou een."

Die kind klouter in die kar en kyk na al die speelgoed totdat sy 'n pers unicorn teen haar bors druk. "Dis myne."

Debbie kyk om toe sy die hek hoor oopgly. Dis die wit Fortuner, die een voertuig wat sy saam met sy baas haat. Sy het nie nou krag vir hom nie. Sy weet nou waar hy woon en dis vir eers genoeg.

"Jis, maar jy is bedrywig," sê hy toe hy uitklim.

"Was net op pad. Het 'n ander afspraak," sê sy koel voordat sy in haar kar klim en ry.

■ Lees môre verder

**Wat dink jy van hierdie storie? Enige voorstelle? SMS na 32369**


